**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen**
**Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXIV DINSDAG 2 SEPTEMBER 1969 NR. 13

J. Heldema
**Kerkstraat 48**
DIE MEES GEËERDE
NAAM IN
FIETSRY

# R5000 VIR STUDENTESENTRUM VAN P.U.-STUDENTE

**DIE KARNAVALKOMITEE van die Studenteraad het R5000 aan die Rektor oorhandig as bydrae vir die studentesentrum. Hierdie oorhandiging het op Maandagmiddag 25 Augustus plaasgevind in teenwoordigheid van lede van die Departement Ontwikkeling en lede van die Studenteraad by die Senaatsaal.**


**Die tjek is deur Kobus du Plessis aan die rektor oorhandig en het verduidelik dat die bedrag ingesamel is deur kollektelyste en dagvaardings. Oudstudente is ook genader om bydraes te lewer.**

Daar is reeds begin met die ontwerp van die studentesentrum. Wanneer daar begin sal word met die bouwerk, is net 'n kwessie van tyd. Staatsubsidie is reeds ontvang. Hoewel die Universiteit 'n swaar finansiële las sal dra sal baie ondersteuning van die staat ontvang word, aangesien die gebruiklike R31 miljoen wat jaarliks aan Universiteite afgestaan word, vermeerder gaan word tot R46 miljoen. Bydraes uit die privaatsektor, soos hierdie bydrae van die Karnavalkomitee, help ook baie.

Die studentesentrum sal bestaan uit 'n kompleks met 'n aantal sale, en ook 'n ruimte vir die eeufeesgedenkteken wat deur die studente opgerig sal word. Daar is reeds begin met die grawe van die fondamente hiervoor.


Die rektor het gesê dat die algemene bedrywighede van die studente aan hierdie universiteit 'n aangename en gesonde strekking het. Die oorhandiging van hierdie bedrag aan die universiteit is 'n bewys daarvan.

*Hier oorhandig Kobus du Plessis die tjek van R5000 aan die Rektor.*



## GEDENKTEKEN SIMBOLISEER KOM EN GAAN

**DIE INDRUKWEKKENDE gedenkteken wat in opdrag van die studenteraad, deur mnr. Hannes van der Walt voltooi is, is reeds op sy voorlopige staanplek langs die senaatsaal opgerig. Die beeldhouwerk sal later na die studentesentrum verskuif word.**



Die onthulling sal deel vorm van die eeufeesvierings en is die P.U.-student se bydrae tot die herdenking van die ontstaan van die universiteit. Hierdie twee-en-twintig voet hoë gedenkteken se betonvoetstuk is aan die bokant getand en stel die universiteit as vesting voor. Die ligtoring is simbolies van die karakter van die P.U. vir C.H.O. Op die voetstuk teenoor die kolom is vier groepe bronsfigure wat die kom en gaan van studente voorstel.

Mnr. Hannes van der Walt, hooftegniese beampte van die departement fisika, is geen onbekende in kunskringe nie. Hy het reeds verskeie uitstallings gehou in samewerking met die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging.

Die afgelope tyd lê mnr. Van der Walt hom toe op groot opdragte en het reeds een vir 'n bekende handelsbank in Potchefstroom, en ook vir die Stilfonteinse Hoërskool voltooi. Hy beskou hierdie gedenkteken as waardevolle ondervinding in groot beeldhouwerk.

Mnr. Van der Walt het eers op 22-jarige ouderdom, terwyl hy 'n B.Sc.-student aan die universiteit van Pretoria was, sy aanleg as beeldhouer ontdek. Hy het aanvanklik in klei gewerk, maar verkies nou hout wat, hoewel dit meer tyd vereis, vir hom persoonlik meer bevrediging verskaf.

**'n Model van die gedenkteken soos dit later by die nuwe studentesentrum opgerig sal word.** (Foto: Fotokuns)

# S.R.-VOORSITTERSKANDIDATE



**T. J. (Johan) Kruger** (2)
LL.B I 1966
1967: Besembosredaksie
Alabamabestuur
1968: A.O.B.-ondervoorsitter
P.N.B.-sekretaris
Voorsitter Karnavalkomitee
1968/69: Huiskomitee Over de Voor
1969: Primarius Over de Voor
Voorsitter P.N.B.
Studenteraad
A.S.B.-Hoofbestuur

**Beleidsverklaring:**

★ Om 'n beleidsverklaring in 'n paar woorde te formuleer, is uit die aard van die saak onmoontlik. Daarom net die grond waarop my benadering tot hierdie taak gebaseer is: die beginsel bepaal die beleid: die beginsel waaruit my beleid geformuleer word, is dié van die Calvinisme — uit die woord van God word die riglyne gevind. Hierdie

* **Vervolg op bladsy 2**



**T. (Tom) Larney** (1)
Honns.-B.A. 1966
1967/69: Korps Veritas Vincet
1968: Hoofredakteur Die Wapad
1969: Hoofredakteur die Besembos
Polities-nasionale Bestuur
Huiskomitee Drakenstein
Sekretaris: Studenteraad

**Beleidsverklaring:**

★ Die grondslag waarop hierdie universiteit en hierdie studentegemeenskap berus, is ook die grondslag waarop ek my stel. Op daardie basis sal dit altyd my doel wees om, soos ek in die verlede gepoog het, die studentegemeenskap te dien en die universiteit se naam hoog te hou.

★ Ek glo dat die studentelewe aan hierdie universiteit vir geen ander hoef terug te staan nie. Die afgelope jaar bewys eerder die teendeel. In watter pos ek ook al mag

* **Vervolg op bladsy 2**



**C. J. (Neels) Smit**
Th.B. II 1965
1966/67: Wapadredaksie
Besembosredaksie
1967: Besembosredakteur
Sekretaris van At'letiekklub
1968: Studenteraad
1969: Ondervoorsitter van Studenteraad

**Beleidsverklaring:**

★ As u hierdie taak aan my sou opdra, kan ek dit nie anders

* **Vervolg op bladsy 2**

## Daar he'jy dit




**Die amptelike opening van die Universiteit behoort eers na Intervarsity plaas te vind, want dan begin die akademiese jaar.**


**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377




## KORPS VERITAS VINCET




**L. M. (Lourens) du Plessis** (8)
B.Jur. et Comm. II 1968
1969: Korps bestuur
ABKK (Retoriek)
Wapad (Nuusred.)
1969/70: S.R.V.P.-bestuur




**J. C. (Jan-Carel) Erasmus** (9)
Th.B. II 1965
1966—1968: Korps Bestuur
1969: Korps Voorsitter

**T. (Tom) Larney** (1)
Honns.-B.A. 1966



**S. J. (Sarel) van der Merwe** (10)
B.A. II 1968
1969: Addisionele lid, K.V.V.
Penningmeester, P.N.B.



**S. J. (Kobus) van der Walt** (11)
B.A. III 1967
1968/69: A.O.B. voorsitter
1968: K.V.V.
1969: Alabama Voorsitter
A.S.B. komitee
Studenteraad
1970: Karnavalkomitee, voorsitter



**D. J. (Dawie) Viljoen** (12)
LLB. II. 1965
1967: Volkspelebestuur
Ekonomiese Vereniging
voors.
1968: Dagstudentebestuur
1966—1969: Korps V.V.
1969: Studenteraad
A.S.B. Komitee


## POLITIES-NASIONALE BESTUUR



**H. S. (Fanie) Coetzee** (3)
LLB I. 1966
1966/67: Thaliabestuur (add. lid)
Die Pukkie (Sirkulasiebestuurder)
ASB. Komitee (add. lid)
ABKK (organiseerder)
1967/68: Thalia toerleier
Die Pukkie (Redakteur)
ABKK (sekr.)
1968/69: Thalia (Studenteraadsverteenwoordiger en Publisiteitsbeampte)
PNB (Add. Lid en S.R.-verteenwoordiger)
ABKK (Thaliaverteenwoordiger)
Studenteraad
1969/70: ASB Hoofbestuur

**T. J. (Johan) Kruger** (2)
LL.B. I. 1966

**T. (Tom) Larney** (1)
Honns.-B.A. 1966



**H. G. (Gustav) Röhrs** (4)
B.Jur. II. 1968
1969: Flornabestuur
Alabama toergroep



**J. L. (Hannes) van der Walt** (5)
B.A.-Honns. B.A.-Prop. 1961/68
1969: Huiskomitee, Liberalia
Voor 1964: Adjunk huiskomiteelid, Liberalia
Voorsitter, J.V. Smirna
Wapadredaksie

# VERKIESINGSREËLINGS

### WIE KAN STEM?

### A. STUDENTERAAD

(1) **Voorsitter van die Studenteraad:**

Alle persone wat massastemreg besit, d.w.s. wat stemreg het op een van die volgende hoofliggame nl. P.N.B., K.V.V., A.B.K.K., en S.S.B. mag stem vir die Studenteraadsvoorsitter. U kan uself vergewis of u stemreg het of nie deur die stemreglyste na te gaan.

(2) **Studenteraadsverteenwoordigers van die A.O.B.:**

Alle persone wat massastemreg besit (sien I. hierbo) mag stem vir die drie verteenwoordigers van die A.O.B. op die Studenteraad.

(3) **Studenteraadsverteenwoordigers van P.N.B., K.V.V., S.S.B., A.B.K.K.**

Alle persone wat stemreg het vir een van bogenoemde hoofliggame mag stem vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers van daardie betrokke hoofliggaam waarby die persoon stemreg het; d.w.s. indien 'n persoon se naam verskyn op die stemreglys van P.N.B. mag die persoon slegs stem vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers asook vir die hoofbestuur van die P.N.B.

### B. HOOFLIGGAME

(1) **Bestuur van die A.O.B.**

Alle persone wat massastemreg besit mag stem vir die hoofbestuur van die A.O.B.

(2) **Besture van die P.N.B., K.V.V., A.B.K.K. en S.B.B.**

Alle persone wat stemreg het vir een van die besture hierbo genoem, mag stem vir die hoofbestuur van die betrokke hoofliggaam.

### C. ADDISIONELE STEMGEREGTIGDES:

(1) Alle redaksielede van die Wapad, Pukkie (vorige termyn), en die Besembos mag stem vir die Studenteraadsvoorsitter.
(2) Alle lede van die Sentrale Karnavalkomitee mag stem vir die Studenteraadsvoorsitter asook vir beide die drie Studenteraadsverteenwoordigers en die hoofbestuur van die A.O.B.
(3) Alle lede van die komitees van die A.O.B. mag stem vir die A.O.B.-bestuur en die drie Studenteraadsverteenwoordigers van die A.O.B.

### WAAR KAN U STEM?

U kan op Woensdag 3 September 1969 u stem uitbring in die Totiussaal vanaf 8.00 vm. tot 6.00 nm. U sal die verskillende stembusse van die Hoofliggame binne vind. By elke stembus van die hoofliggame sal u ook die stembriefies verkry vir die verkiesing van die Studenteraadsverteenwoordigers van die hoofliggame.

### HOE MOET U STEM?

U sal volle besonderhede oor hoe u moet nommer vir die daarstelling van u keusevolgorde op die stembriefie vind.



**A. (Tonie) van Tonder** (6)
B.Juris III 1967
1968: Virus
1969: Virus
P.N.B. Sekretaris
S.R.V.P. Sekretaris



**L. (Leon) Wessels** (7)
B Jur. et Comm II 1967
1968: Virus
S.R.V.P. Penningmeester
Dagstudentebestuur Sekr.
1969: Virus
S.R.V.P. Voors.
Dagstudentebestuur Voors.

### JOHAN KRUGER

* Vervolg van bladsy 1

beginsel vorm die fundering van die beleid wat in die praktyk nagestreef word. In die uitleef van die beleid is die diensmotief die oorwegende — die behartiging van die belange van die studentegemeenskap na buite en na binne is primêr. En in die proses moet die benadering gekenmerk word deur realisme, 'n aanvoeling van die basiese behoeftes wat daar by die studentegemeenskap bestaan.

★ In menslike swakheid sal ek probeer om hierdie taak na die beste van my vermoë te vervul.

### TOM LARNEY

* Vervolg van bladsy 1

dien, sal ek trag om die stewige basis wat reeds in ons studentelewe gelê is, verder te versterk.

★ Verder belowe ek niks nie.

### NEELS SMIT

* Vervolg van bladsy 1

sien as 'n roeping nie. En die antwoord op 'n roeping is om ten alle tye, op alle plekke jou beste kragte te wy in diens van God en tot diens van die gemeenskap waarin jy geroep word. Dit is om die beste geleenthede, deur die regte metodes, vir elkeen te probeer skep.

## KLAWERHOF-BROS

KLAWERHOF het 'n koshuisbros eksamen ingestel wat deur alle eerstejaars moes afgelê word. Die eksamen is een aand in sleeptyd afgeneem en die uitslag het gewissel van 8% tot 82%. Daar is egter 'n herekşamen afgeneem. Almal wat nie geslaag het nie, is vir 'n week lank verbied om te sleep. Dit is van eerstejaars verwag om die name, kamernommers en gange waarin die oudames bly, te ken met die oog op beter telefoon- en voordeurdiens.

## Plekbespreking

PLEKBESPREKING vir uitvoerings deur die sopraan, Mimi Coertse, die S.A.U.K. Simfonie-orkes en die departement spraakleer en drama tydens die hoogtepunt van die eeufees, open op 1 September en kan by die volgende plekke gedoen word:

- Die musiekkonservatorium: 30 September en 2 Oktober: Sanguitvoering deur Mimi Coertse; 4 Oktober: S.A.U.K. Simfonie-orkes en uitvoering van eeufeeskantate deur soliste en koor.
- Frans du Toit-gebou en Pro Rege: 3 Oktober: Massakunsspel deur departement spraakleer en drama.

Die toegang tot die konserte op 3 en 4 Oktober is gratis. Persone wat hulle plekke per pos vir hierdie twee konserte voor 31 Augustus bespreek het, sal hul toegangskaartjies per pos ontvang.

## BIBLIOTEEK-URE

DIE Biblioteek van verlede week af tot aan die einde van die akademiese jaar saans tot 11.00 nm. vir gebruikers oop. Hierdie reëling is 'n proefneming om te bepaal hoe die biblioteektye vir 1970 vasgestel moet word.

Ter wille van na-uurse studente sal die Biblioteek op Dinsdae en Donderdae nie tussen 5.30 en 7.00 nm. sluit nie.

A. VORSTER
APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074

DIE BULT-
HAARKAPPERS
MANS EN DAMES
Eienaar: G. Schoonhoven
Tomstraat 86b - Tel. 5136
Na ure: 6056

Vir al u
★ APTEKERS- en
★ FOTOGRAFIESE
★ BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS
J. P. VAN DER
WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118
POTCHEFSTROOM
Telefoon 3237

die WAPAD
IN U LIG
DINSDAG 2 SEPTEMBER 1969

## Kiesersverantwoordelikheid

'n Student is veronderstel om nie meer 'n kind te wees nie. Vir dié rede is dit nie nodig dat ons Studenteraad op dieselfde manier in die kussings kom as 'n leerlingraad nie, dit wil sê deur ondemokratiese aanstelling. Daarom het die studentekieser by die studenteraadsverkiesing 'n groter verantwoordelikheid as 'n voorreg (diegene wat dié verantwoordelikheid ontduik en die voorreg afwys deurdat hulle nie stemreg verwerf het nie, het net hulself te verkwalik), want met sy kruisies bepaal hy wie sy en sy gemeenskap se belange vir die volgende jaar sal behartig.

Die belange wat deur die Studenteraad vir die studentegemeenskap behartig word, is veel wyer as wat die gemiddelde student besef: sonder 'n A.B.K.K. sou ons kuns-kultuurbeoefening (en dit sluit Alabama in) heel ongeorganiseerd en gefrustreerd gewees het; sonder 'n P.N.B. sou die deursnee-student nie kon besef nie dat die politiek nader aan ons as bloot die stryd van Party teen party of die studie van Staatsleer is; sonder 'n A.O.B. sou ons sosiale verkeer by naïewe intertees gebly het; sonder 'n Korps sou ons nie die geleentheid gehad het om as studente in 'n studentegemeenskap georganiseerd te besin oor beginselsake nie en sonder 'n S.S.B. sou al die sportorganisering van owerheidsweë gekom het; sonder 'n Studenteraad sou daar geen koördinasie wees in die behartiging van ons belange nie en sonder 'n A.S.B.-komitee van die Studenteraad sou ons nie op nasionale vlak met mede-Afrikaanse studente kultureel kon verkeer nie. Dit alles is 'n kursoriese aanduiding van die funksies van ons Studenteraad.

Indien 'n kieser met sy stem onbekwame persone in die posisie plaas om die studentegemeenskap se omvattende belange te behartig, is dit die kieser se eie verantwoordelikheid. Laat kiesers en verkiesbares dus meer as twee keer dink voordat die verkiesingsuitslag beklink word. Laat die kandidate se bekwaamheid hul populariteit bepaal, want leë populariteit bring swak diens teweeg — die kwaliteit van 'n studenteraadslid se diens is belangrik, omdat van hom meer diens verwag word as wat hy status ontvang.

## REDAKSIE

Hoofredakteur Francois Venter — tel. 2050
Subredakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Subredaktrise: Martie Kruger — tel. 8214
Nuusredakteur: Lourens du Plessis — tel. 2030
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Sportredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Akademiese redaktrise: Elsabé Smuts — tel. 2039
Eeufeesredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Sosiale redaktrise: Retha le Roux — tel. 2119
Fotoredakteure: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 5553
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen —
Sekr.-Penningmeester: Leon du Plessis — tel. 2030
Sirkulasiebestuurders:
Piet Strydom — tel. 2019
Piet Hattingh — tel. 2019
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers; Piet Kruger; Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Rika van der Walt.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlene Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

## Uit die Woord

### Hy weet nie

*Ps. 90 : 8: U stel ons ongeregtighede voor U, ons verborge sondes in die lig van u aangesig.*

*Ons verborge sondes! Dit is sondes waarvan ander mense nie weet nie, net onsself — en God, die Heilige.*

*Dit is daardie sondes wat ons so graag troetel, tot vreugde van onsself — en die vors van die duisternis, Satan, die onheilige.*

*Al daardie sondes is vir God deursigtig. Hy ken elke roersel van ons hart, elke begeerte in ons.*

*Hy stel dit voor Hom, ondersoekend, deurtastend — Hy die Heilige, roep ons, onheiliges, voor sy troon. Ons weet dit. Alle mense sal voor sy troon verskyn; en alle mense wandel daagliks voor sy aangesig!*

*Dit is die grond van ons verganklikheid met alles wat dit beteken . . .*

*En dit is om van weg te sink as ons nie onse Here Jesus Christus gehad het, met Wie se bloed ons ons kan oordek, in Wie God ons aansien en nie dadelik met ons in die gerig gaan nie, maar ons spaar, en lankmoedig met ons besig bly.*

J.A.K.

## Uit die POSSAK

### OUDSTUDENTE WENS GELUK

GEAGTE HEER,

Namens ons oudstudente wil ons baie graag ons studente hartlik gelukwens met die voortreflike wyse waarop hulle in die jongste verlede as studente opgetree het.

Ons dink aan die studentegroepe wat gedurende die Julievakansie op velerlei terrein en oor ver gebiede hulle Alma Mater met soveel trefkrag na buite uitgedra het.

Waar ons destyds die roepstem uit Ghanzi in die P.U.-Kaner geplaas het en die studente geantwoord het deur 'n klinkende daad, kom ons met 'n innige dankie diep uit ons hart.

Ons sê ook: mooi so Pukke met u optrede op die sportvelde en op die pawiljoen tydens Intervarsity. Ons oudstudente het nie tevergeefs na u kom kyk nie.

Waar die eksamens reeds voor die deur lê, sê ons aan u: pak hom met dieselfde gees van durf, daad en geloof aan.

U mede-oudstudent,
C. J. Reinecke
Adjunk-Direkteur (Oudstudente-Afdeling).

SKOEN- EN FIETSREPARASIES
★ EN FLINKE DIENS
★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas op die Bult)
★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING
Nou OOK
'n wye keuse vir
★ PLATE
by
PRO REGE-PERS BEPERK
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

## PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op Die Bult . . .
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

●

**Tomstraat 86** **Tel. 5474**


## KORFBAL

DIE Korfbalseisoen is op 'n hoë noot afgesluit met 'n oorwinning van die Puk-dames oor Pote met 'n telling van 33 : 27. Ander tellings is: P.U. vs. Western Reefs (2e) 10 : 56. P.U. vs. Western Reefs (1e) 32 : 37.

**Die meeste gesigsfoto's van die S.R.-kandidate is voorsien deur Fotokuns.**

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

**GAAN STEM!**

**U STEM**

**IS BELANGRIKER**

**AS WAT U DINK!**




# „Daar kom die Alibama.' Of, hoe ons 'n trefliedjie voortgehelp het.

In Maart 1864 het Kapenaars 'n treffer van die Parade af dopgehou. Die Alabama het Tafelbaai binnegevaar en een van die eerste treffers van die Amerikaanse Burgeroorlog behaal deur die Sea Bride te buit. Die liedjie wat daaruit voortgespruit het, word vandag nog gesing.

The Cape Argus, wat toe sewe jaar oud was, het die gebeurtenis in vet letters beskryf. Van daardie dag af bly die Argus op die voorposte van die nuus.

The Cape Argus is 'n stigterlid van Afrika se grootste koerant-organisasie, die Argus-groep van publikasies, die doeltreffendste plaaslike en buitelandse nuusdiens in Suid-Afrika met kantore en korrespondente dwarsdeur die wêreld.

Ons beleid is om u vandag se nuus vandag te gee — so gou as wat dit enige koerant van wêreldformaat bereik. Dis die enigste manier om bo-op die gewildheidsleer te bly.

*Koerante:* The Star. The Cape Argus. The Daily News. The Sunday Tribune. The Pretoria News. The Friend. Diamond Fields Advertiser. Cape Herald. World. Ilanga.

*Tydskrifte:* Personality. Femina. Farmer's Weekly. Garden and Home. Photography and Travel. S.A. World of Sound.

**Die Argus-groep van publikasies.**
**Ons stem is Suid-Afrikaans. Ons visie wêreldwyd.**

Grant 152-23/

## SENTRALE SPORTBESTUUR



**T. N. (Nico) Botha** (13)
B.Comm II 1967
1967: Verwerf Wes-Tvl.-kleure vir senior tennis
1968: Sekr. Tennisklub
1969: Kapt. Tennisklub




**C. (Chris) Conradie** (14)
B.Comm. II 1968
1968: Sekr. Tennisklub



**Ria de Klerk** (15)
B.A. III 1967
1967—1969: Verwerf Wes-Tvl.-kleure vir Netbal
1968/69: Netbalbestuur
Huiskomitee Oosterhof
Wapadredaksie



**B. E. (Bea) Marais** (16)
B.A. III 1967
1969: S.S.B.-verteenwoordiger op S.R.
S.S.B. Hoofbestuur
Kapteine Atletiekspan
Huiskomitee Klawerhof
P.N.B. addisionele lid



**F. (Ferdie) Postma** (17)
TH.B. II 1965
1966: ASB-bestuur (addisionele lid)
1968: Besembosredaksie
Speel eerste span rugby vanaf 1965.



**Bertie Pretorius** (18)
TH.B. I 1963
1967—1969: P.U. Judoklub voorsitter
1968: S.S.B.-bestuur
1969: S.S.B. ondervoorsitter
Intervarsitykomitee

## A.B.K.K.

**H. S. (Fanie) Coetzee** (3)
LL.B I. 1966



**D. J. (Kobus) du Plessis** (19)
B.A. II. 1967
1967: Debatsbestuur.
1968: Dagstudentebestuur.
Volkspelebestuur.
Wapadredaksie.
Pukkieredaksie.
1969: Besembosredaksie.
1968/69 A.B.K.K.
Thaliavoorsitter.
Karnavalkomitee.
Studenteraad.


**L. M. (Lourens) du Plessis** (8)
B.JUR.ET COMM. II 1968



**P. A. (Pieter) Lourens** (20)
B. Comm III 1967
1969: Penningmeester, P.U. Volkspelelaer.
Penningmeester, A.B.K.K.
1969/70: Sekretaris-Penningmeester, Nasionale Studenteraad vir Volksang en Volkspele.



**C. (Carl) Mischke** (21)
B.Sc. III 1967
1969: Volkspelebestuur Sekretaris
Diskoteekkomitee
Fotografiese vereniging.




**J. A. (Johan) Schutte** (22)
B.Jur et Com. III 1966
1966/67: Organiseerder ABKK
Sekretaris Volkspele
Voorsitter tweedejaarskom.
1967/68: Voorsitter Volkspele
Virus Administratief.
1968/69: Voorsitter Volkspele.
Voorsitter ABKK
S.R.-lid ABKK



**D. J. H. (Daan) van den Berg** (27)
B.A. III. 1967
1969: Huiskomitee, Drakenstein
1969: Karnavalkomitee
1968/1969: AOB (Konvenor, Feeskomitee)

## ALGEMENE ONTSPANNINGSBESTUUR



**J. A. (Kobus) Booyens** (23)
B.JUR. ET. Comm. III 1967
1969: Karnavalkomitee
VIRUS-Administratief
1969/70: Regsvereniging bestuur




**C. J. (Coert) Coetzee** (24)
B.Comm. II 1968
1969: Korpshoofbestuur
A.O.B. Fliekkomitee

**D. J. (Kobus) du Plessis** (19)
B.A. II 1967



**G. (Gert) Smit** (25)
B.A. Prop. III 1966
1969: A.O.B. Dineekomitee
Primarius, Ons Huis



**A. C. (Swannie) Swanepoel** (26)
B.A. III 1967
1969: Primarius, Hombré
A.O.B.

D. J. H. v. d. Berg (27) kolom 2



**C. F. C. (Chris) van der Walt** (28)
B.JUR ET ART. III 1967
1968: Sentrale Karnavalkomitee
1969: Primarius, Drakenstein



**P. H. C. (Rika) van der Walt** (29)
B.A. III 1966
1968: Wysgerige Vereniging, Sekretaresse
1968: Thalia toergroep
1968/1969: Wapadredaksie
1969: A.O.B. Bestuur
Sentrale Karnavalkomitee
Huiskomitee, Oosterhof

**S. J. (Kobus) van der Walt** (11)
B.A. III 1967




**L. H. (Leo) van Schaik** (31)
B.A. II 1967
1968/69: Karnavalbestuur
1969: A.B.K.K., Algemene organiseerder.



**L. I. (Louis) Vorster** (32)
LL.B. I 1966
1967/68: Pukkieredaksie
1968/69: A.O B.-bestuur
Regsvereniging
1968: Burgemeester van Tarentaal


**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad


★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)




'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD

**NASIONALE BOUVERENIGING**

# SELFWERKSAAMHEID

**GOEIE MÔRE, meneer. Hoe gaan dit vanmôre, meneer? Op hierdie gemoedelike, blymoedige wyse het ou L.S. (so genoem omdat sy gelaatstrekke aan dié van 'n vroeëre student, wat toe reeds predikant was, herinner het) my môre vir môre in my derde jaar daar bo in kamer 20 in Heimat begroet, wanneer hy so omstreeks tienuur verskyn het om die kamer aan die kant te maak. Eintlik was die begroeting maar net die voorspel tot die gewigtige versoek: „Hoe lyk dit, het die basie dan nie vir my 'n paar ou sokkies nie?" Maar daardie jare — die periode tussen die wêrelddepressie en die Tweede Wêreldoorlog — was selfs 'n paar ou sokkies nie iets waarvan 'n student maklik afstand kon doen nie.**

Ek sien nog hoe die blinkswart Piet, ook genoem Zoeloe, maar veral bekend as Gaatjie (op grond van sy liggaamsbou wat ooreenkoms met dié van 'n eerstydse student met dieselfde naam vertoon het) so teen twaalfuur van Postmahuis af terugkeer na Heimat — met besem en ander toebehore ná afhandeling van sy taak daar. En van Ons Huis af, by die visdam verby, het aangekom Lukas oftewel Jakkals. Van dié drietal is laasgenoemde die enigste wat tans nog op sy pos is — nou reeds meer as dertig jaar lank!

Die volkies het in die eetsaal bedien. En dis nog of ek die protes hoor as die bediende met die winderige witbrood kom na manne wat deur die bekende hongerpyne ná 'n voetbalwedstryd of -oefening gefolter word: „Bring vir my BROOD — nie spookasem nie."

Ja, dis stemme en beelde uit die verlede — van 'n toestand wat nie meer waargeneem en beleef kan word nie, omdat dit nie meer bestaan nie. Vir die skoonmaak van die kamers en die bediening in die eetsaal word naamlik nie meer van nie-blanke arbeid gebruik gemaak nie. Dit geskied nou deur „ons eie mense".

Die geskiedenis agter die verandering is die volgende:

In 1961, met die Republiekwording, het die studente met hulle kenmerkende opstuwende idealisme besluit dat daar vir die nuwe staat, vir die eie toekoms, gewerk moet word. En so het die begin van die Republikeinse era met die invoering van selfwerksaamheid in die koshuise aangebreek.

Omdat besef is dat daar geen teruggang mag wees nie — dit sou immers op 'n neerlaag vir die blanke neerkom — is die studente gemaan om die saak nie te ambisieus aan te pak nie, om dit tot die skoonmaak van hulle kamers en sekere take in die eetsaal te beperk.

Van Universiteitsweë is elke kamer van 'n besem, stoflap en stofpannetjie voorsien. Watter aardigheid was hierdie nuwe speelgoeters nie! Heimat se inwoners het dadelik 'n foto laat neem: elke man besem oor die skouer. 'n Hele konsternasie is veroorsaak toe een koshuis hulle bure se apparate verduister het. Die ernstige aspek is darem ook nie uit die oog verloor nie. en so het die nederige werktuie niks minder as simbole van nuwe republikeinse ideale geword nie.

Daar is besef dat die onderneming die helfte van sy waarde sal inboet as dit nie 'n vermindering van bediendes tot gevolg kan hê nie. Nadat die posisie nagegaan is, is dit moontlik gevind om hulle getalle met meer as een kwart te verminder. Daarop is besluit om die lone van die oorblywendes te verbeter, sodat die beleid in dié verband nou is: minder maar doeltreffender arbeid teen verhoogde vergoeding. Ek meen dat hiermee aan die hele land 'n vooreeld ten opsigte van nie-blanke arbeid gestel is. Wat sou nie reeds bereik wees indien elke inrigting, bedryf — elke gesin selfs — hierdie beleid in toepassing sou bring nie.

Die vraag is nou: Hoe staan die saak op die oomblik?

Erken moet word dat die invoering — ten spyte van die feit dat gevolge 'n besluit van die studente self geskied het — by enkeles nie sonder gemors plaasgevind het nie. Dis begryplik as in gedagte gehou word dat in hierdie geval met 'n tradisie van drie eeue gebreek moes word.

Maar, soos in die ekonomie, is daar in die reël ná die depressie weer tye van stygende konjunktuur. 'n Hoogtepunt was ongetwyfeld die afskeidsdinee van Heimatkompleks, toe die tweedejaars die bediening waargeneem het. Dit was inderdaad 'n demonstrasie van die werklike kwaliteit van blanke arbeid.

Dis ook 'n bekende feit dat die beste prestasies gelewer word waar studente reeds in hul ouerhuise met die stelsel vertroud geraak het. Dis dan ook my oortuiging dat ons poging eers werklik geslaagd sal wees as die stadium bereik word waar die studente dit reeds op skool en in hul ouerhuise geleer het.

Miskien vra u: Wat van die toekoms? Daarop moet ek antwoord dat daar op die oomblik nog nie aan verdere toepassing van die stelsel gedink word nie. Daar is natuurlik voor die handliggende moontlikhede, soos die instandhouding van die tuine om die koshuis deur die inwoners self, versorging van die sportvelde deur die lede van elke klub self. Verder sal die aksie, soos die bestaande, van die studente self moet uitgaan. Dis nie alleen in ooreenstemming met ons universiteitstradisie nie maar ook 'n voorwaarde vir welslae.

Hoe dit ookal sy, ek meen dat dit waarmee ons studente begin het en wat hulle reeds bereik het, van verreikende betekenis is. Moontlik kan dit in die toekoms nog as een van die groot keerpunte in ons geskiedenis geld. Maar dan moet dit nie tot 'n poging van die studente beperk bly nie.

Prof. C. P. van der Walt.

**T. G. KRÜGER EN SEUN**
Tel. 6544 — Na ure 6543 — Kerkstraat 98 — Potchefstroom
EIENDOMSAGENT
*Vir verkoop van*
★ HUISE ★ PLASE ★ PLOTTE ★ ENS.
Lenings gereël

*Cachet Modes*
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom
Die winkel
waar die
kieskeurige
dame koop

GEE 'N MAN
'N LUCKY!


VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË